

DANI'ĒL

¹ In die derde jaar van die regering van Jahójakim, koning van Jahuda, het Nebukadnétstsar, die koning van Babel, na Jarushalajim gekom en dit beleër.

² En יהוה het Jahójakim, koning van Jahuda, in sy hand gegee, met 'n gedeelte van die voorwerpe van die Huis van Elohim, en hy het hulle na die land Shin`ar gebring in die huis van sy eloah, en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy eloah gebring.

³ En die koning het aan Ashpenas, die hoof van sy hofdiens, gesê om van die seuns van Jisra'ël, uit die koninklike saad en uit die edeles, te bring,

⁴ jong mans aan wie geen gebrek was nie, maar aantreklik, met insig in alle wysheid en met kennis en begrip in wetenskap, en bekwaam om in die paleis van die koning te staan, en om hulle die skrif en die taal van die Kasdim te leer.

⁵ En die koning het vir hulle 'n daaglikse porsie uit die kos van die koning en van die wyn wat hy gedrink het bestem, om hulle drie jaar lank so groot te maak, sodat hulle aan die einde daarvan voor die koning kan staan.

⁶ En tussen hulle was uit die seuns van Jahuda: Dani'ël, Hānanja, Misha'ël en Asarja.

⁷ Maar die hoof van die hofdiens het hulle ander name gegee: Hy het Dani'ël Bēltashatstsar genoem, en Hānanja Shadrag, en Misha'ël Mēshag, en Asarja Abēd-Nego.

⁸ En Dani'ël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die kos van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie. Daarom het hy die hoof van die hofdiens versoek om homself nie te verontreinig nie.

⁹ En Elohim het aan Dani'ël guns en barmhartigheid by die hoof van die hofdiens gegee.

¹⁰ En die hoof van die hofdiens het

aan Dani'ël gesê: "Ek vrees my meester die koning, wat julle kos en julle drank bepaal het. Want waarom moet hy sien dat julle gesigte erger lyk as die jong mans van julle ouderdom? Dan sal julle my kop by die koning met skuld belaa!"

¹¹ En Dani'ël het aan die opsiener wat die hoof van die hofdiens oor Dani'ël, Hānanja, Misha'ël en Asarja aangestel het, gesê:

¹² "Beproof asseblief u diensars tien dae lank, en laat hulle ons groente gee om te eet en water om te drink.

¹³ "Laat ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns wat die kos van die koning eet, dan deur u bekyk word. En doen met u diensars soos u sal sien."

¹⁴ En Hy het na hulle in hierdie saak geluister en hulle tien dae lank beproef.

¹⁵ En aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en voller van vlees gelyk as al die jong mans wat die kos van die koning geëet het.

¹⁶ En die opsiener het hulle kos en die wyn wat hulle moes drink, weggeneem en aan hulle groente gegee.

¹⁷ En aan hierdie vier jong mans het Elohim wetenskap en insig in alle geskrifte en wysheid gegee. En Dani'ël het begrip gehad van alle visioene en drome.

¹⁸ En aan die einde van die dae wat die koning gesê het om hulle in te bring, het die hoof van die hofdiens hulle voor Nebukadnétstsar gebring.

¹⁹ En die koning het met hulle gepraat, en tussen hulle almal is daar niemand soos Dani'ël, Hānanja, Misha'ël en Asarja gevind nie. En hulle het voor die koning gestaan.

²⁰ En in enige saak van wysheid waarin die koning hulle ondersoek het, het hy bevind dat hulle tien maal beter was as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk.

²¹ En Dani'ël was daar tot die eerste jaar van koning Koresh.

2 En in die tweede jaar van die regering van Nebukadnétstsaar, het Nebukadnétstsaar 'n droom gehad, sodat sy gees onrustig geword het en dit met sy slaap gedaan was.

En die koning het beveel om die towenaars en die voorspellers en die goëlaars en die Kasdim te roep, om vir die koning sy droom te verklaar. En hulle het gekom en voor die koning gaan staan.

3 En die koning het vir hulle gesê: "Ek het 'n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan."

4 En die Kasdim het met die koning Aramees gepraat: "Mag die koning vir altyd lewe! Vertel u dienaars die droom, en ons sal die betekenis bekend maak.

5 Die koning het geantwoord en aan die Kasdim gesê: "My besluit is vas: indien julle die droom en sy betekenis nie aan my bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en julle huise mishope gemaak word.

6 "Maar indien julle die droom en sy betekenis bekend maak, sal julle geskenke en gawes en groot agting van my ontvang. Daarom maak die droom en sy betekenis aan my bekend."

7 Hulle het 'n tweede keer geantwoord en gesê: "Laat die koning die droom aan sy dienaars vertel en sal ons die betekenis bekend maak."

8 Die koning het geantwoord en gesê: "Ek weet verseker dat julle tyd wil wen, omdat julle sien dat my besluit vas is.

9 "Want indien julle nie die droom aan my bekend maak nie, is daar een vonnis vir julle! Julle het ooreengekom om leuenagtige en bedrieglike woorde aan my te vertel totdat die tyd verander het. Daarom, vertel my die droom, dan sal ek weet of julle my sy betekenis bekend kan maak."

10 Die Kasdim het die koning geantwoord en gesê: "Daar is geen mens op aarde wat die koning se saak sou kan bekend maak nie. Daarom het geen koning, meester of regeerder, ooit so iets van enige towenaar of voorspeller of Chaldeër geëis nie.

11 "En die saak wat die koning eis, is raar,

en daar is niemand anders wat dit aan die koning bekend sou kan maak nie, behalwe die elohim wie se woning nie by die vlees is nie."

12 Hieroor het die koning toornig en baie woedend geword en beveel om al die wyse mans van Babel te vernietig.

13 En die bevel is uitgevaardig en het begin om die wyse mans dood te maak. En hulle het Dani'ël en sy vriende gesoek om dood te maak.

14 Toe het Dani'ël met versigtigheid en wysheid Arjog, die hoof van die koninklike lyfwag wat uitgetrek het om die wyse mans van Babel dood te maak, antwoord gegee.

15 Hy het geantwoord en vir Arjog, die bevelhebber van die koning gesê: "Waarom is die bevel van die kant van die koning so streng?" Toe het Arjog aan Dani'ël die saak vertel.

16 En Dani'ël het ingegaan en die koning versoek dat hy hom tyd moes gee, en hy sal die betekenis aan die koning bekend maak.

17 Toe het Dani'ël na sy huis gegaan en die saak aan Hananja, Misha'ël en Asarja, sy vriende, bekend gemaak,

18 en dat hulle barmhartigheid van die Eloah van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle Dani'ël en sy vriende saam met die orige wyse mans van Babel nie sou vernietig nie.

19 Toe is die geheim in 'n nagvisioen aan Dani'ël geopenbaar. En Dani'ël het die Eloah van die hemel geloof.

20 Dani'ël het toe gepraat en gesê: "Geseënd is die Naam van Eloah vir ewig en ewig, want die wysheid en die krag is Syne.

21 "En Hy verander die tye en die seisoene. Hy verwyder konings en rig konings op. Hy gee wysheid aan die wyse mans en kennis aan die wat begrip het.

22 "Hy openbaar ondeurgrondelike en geheime dinge. Hy weet wat in die donker is, en lig woon by Hom.

23 "Ek dank en loof U, Eloah van my vaders. U het my wysheid en krag gegee,

en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U aan ons bekend gemaak.”

²⁴ Toe het Dani'ël na Arjog gegaan, wat die koning aangestel het om die wyse mans van Babel te vernietig. Hy het gegaan en dit vir hom gesê: “Moenie die wyse mans van Babel vernietig nie. Bring my in voor die koning, dan sal ek aan die koning die betekenis bekend maak.

²⁵ Toe het Arjog Dani'ël haastig voor die koning ingebring en dit vir hom gesê: “Ek het 'n man tussen die seuns van die ballinge van Jahuda gevind wat aan die koning die betekenis bekend sal maak.”

²⁶ Die koning het geantwoord en vir Dani'ël, wie se naam Bēltashatstsar was, gesê: “Is jy in staat om aan my die droom wat ek gesien het, en sy betekenis bekend te maak?”

²⁷ Dani'ël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: “Die geheim wat die koning vra, kan die wyse mans, die voorspellers, die towenaars, die waarsêers nie aan die koning bekend maak nie.

²⁸ “Maar daar is 'n Eloah in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het aan koning Nebukadnētstsar bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. U droom en die visioene van u kop op u bed was dit:

²⁹ “Wat u betref, koning, op u bed het u gedagtes opgegaan: Wat hierna sal gebeur. En Hy wat die geheime openbaar het aan u bekend gemaak wat sal gebeur.

³⁰ “En wat my betref, hierdie geheim is nie aan my geopenbaar omdat ek meer wysheid het as enige lewende nie, maar omrede die betekenis aan die koning bekend gemaak moet word en dat u die gedagtes van u hart kan ken.

³¹ “U, koning, het gesien, en kyk, daar was 'n groot beeld! Hierdie beeld was hoog, en sy glans was uitnemend, dit het voor u gestaan en sy voorkoms was angswekkend.

³² “Hierdie beeld se kop was van fyn goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy lendene van koper,

³³ sy bene van yster, sy voete gedeeltelik

van yster en gedeeltelik van klei.

³⁴ “U het gekyk totdat 'n klip sonder hande losgeraak het, wat die beeld aan sy voete van yster en van klei getref en dit fyngestamp het.

³⁵ “Toe is die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud saam fyngestamp, en dit het soos kaf van die dorsvloere in die somer geword. En die wind het dit weggeneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie. En die klip wat die beeld getref het, het 'n groot berg geword wat die hele aarde gevul het.

³⁶ “Dit is die droom! Sy betekenis sal ons nou voor die koning sê.

³⁷ “U, koning, koning van die konings, want die Eloah van die hemel het aan u die koningskap, die krag en die sterkte en aansien gegee,

³⁸ en oral waar die mensekinders woon, of die diere van die veld en die voëls van die hemel, het Hy hulle in u hand gegee, en u as regeerder oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud.

³⁹ “En na u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, laer as u. En 'n ander, derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal regeer.

⁴⁰ “En die vierde koninkryk sal sterk wees soos yster, omdat yster alles fynstamp en verpletter. En soos die yster wat vergruis, sal dit alles fynstamp en vergruis.

⁴¹ “En die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was, dit sal 'n verdeelde koninkryk wees. En van die sterkte van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.

⁴² “En soos die tone van die voete deels van yster en deels van klei was, sal 'n gedeelte van die koninkryk hard en 'n gedeelte bros wees.

⁴³ “En soos u die yster met kleigrond gemeng gesien het, sal hulle deur die saad van mense met mekaar vermeng, maar hulle sal nie aanmekaar vaskleef nie, net soos yster nie met klei meng nie.

⁴⁴ “En in die dae van daardie konings sal die Eloah van die hemel 'n koninkryk op-

rig wat in ewigheid nie vernietig sal word nie. En die koninkryk sal aan geen ander volk oorgegee word nie. Dit sal al daardie koninkryke verbrysel en 'n einde daaraan maak, maar self sal dit vir ewig staan.^a

⁴⁵ "Omdat u gesien het dat sonder hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het, het die groot Eloah aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur. en die droom is waar en sy betekenis betroubaar."

⁴⁶ Toe het koning Nebukadnétstsar op sy gesig geval en Dani'él aanbid en beveel om aan hom 'n offer en wierook te bring.

⁴⁷ Die koning het Dani'él geantwoord en gesê: "Waarlik, julle Eloah is die Eloah van die elohim en Meester van die konings en 'n openbaarder van geheime, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar."

⁴⁸ Toe het die koning Dani'él verhef en hom baie, groot geskenke gegee en hom aangestel as regeerder oor die hele provinsie Babel en as hoof van die goewer-neurs, oor al die wyse mans van Babel.

⁴⁹ En Dani'él het die koning versoek en hy het Shadrag, Měshag en Abĕd-Nego aangestel oor die sake van die provinsie Babel, maar Dani'él was in die poort van die koning.

3 Koning Nebukadnétstsar het 'n beeld van goud gemaak, met 'n hoogte van sestig el, en 'n breedte ses el. Hy het dit opgerig in die Duravallei, in die provinsie Babel.

² En koning Nebukadnétstsar het gestuur om die onderkonings, die goewer-neurs en die prefekte, die raadgewers, die tesouriers, die regters, die magistrate en al die bestuurders van die provinsies te versamel, om te kom na die wyding van die beeld wat koning Nebukadnétstsar opgerig het.

³ Toe het die onderkonings, die goewer-neurs en die prefekte, die raadgewers,

die tesouriers, die regters, die magistrate en al die bestuurders van die provinsies by die wyding van die beeld wat koning Nebukadnétstsar opgerig het, versamel. En hulle het voor die beeld gaan staan wat Nebukadnétstsar opgerig het.

⁴ En 'n aankondiger het hardop geroep:

"Julle word beveel, volke, nasies en tale,
⁵ sodra julle die geluid van die horing, fluit, siter, lier, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnétstsar opgerig het.

⁶ "En wie nie neerval en aanbid nie, sal dadelik in die brandende vuuroond gegooi word."

⁷ Daarom het al die volke op die oomblik toe hulle die geluid van die horing, fluit, siter, lier, harp en van allerhande musiekinstrumente gehoor het, het al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnétstsar opgerig het.

⁸ Daarom het sekere Kasdim op daardie oomblik nader gekom en die Jahudim aangekla.

⁹ Hulle het met koning Nebukadnétstsar gepraat en gesê: "Mag die koning vir ewig lewe!"

¹⁰ U, koning, het 'n bevel gegee dat elke mens wat die geluid van die horing, fluit, siter, lier, harp en doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, moet neerval en die goue beeld aanbid,

¹¹ en dat wie nie neerval en aanbid nie, in die brandende vuuroond gegooi moet word.

¹² "Daar is sekere Jahudim wat u oor die sake van die provinsie Babel aangestel het, Shadrag, Měshag en Abĕd-Nego. Hierdie mans, koning, het hulle nie aan u gesteur nie. Hulle dien nie u elohim nie en hulle aanbid nie die goue beeld wat u opgerig het nie."

¹³ Toe het Nebukadnétstsar, toornig en woedend, beveel om Shadrag, Měshag en Abĕd-Nego te bring. Toe is die mans voor die koning gebring.

¹⁴ En Nebukadnétstsar het gepraat en vir

^a Dan 7; Teh 22:28; Jir 30:11; Jo'el 3:16; Obad 15-17; Haġ 3:12-13; Tsaf 3:8; Haġ 2:22

hulle gesê: "Is dit waar, Shadrag, Měshag en Aběd-Nego, dat julle nie my elohim dien nie en die goue beeld wat ek opgerig het, nie aanbid nie?"

¹⁵ "Indien julle nou bereid is, wanneer julle die geluid van die horing, fluit, siter, lier, harp en doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, om neer te val en die beeld wat ek gemaak het, te aanbid, goed! Maar, indien julle nie aanbid nie, sal julle dadelik in die brandende vuroond gegooi word. En wie is die eloah wat julle uit my hand kan verlos?"

¹⁶ Shadrag, Měshag en Aběd-Nego het geantwoord en aan die koning gesê: "Nebukadnétstsar, ons het nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.

¹⁷ "Indien ons Elohim wat ons dien, in staat is om ons te verlos uit die brandende vuroond en uit u hand, dan, koning, sal Hy ons verlos!

¹⁸ "Maar indien nie, laat dit u dan bekend wees, koning, dat ons u elohim nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie."

¹⁹ Toe is Nebukadnétstsar met woede gevul en sy gelaatstrekke het teenoor Shadrag, Měshag en Aběd-Nego verander. Hy het gepraat en beveel om die oond sewe maal warmer te maak as wat normaalweg gedoen is.

²⁰ En hy het sommige van die sterkste mans wat in sy leër was, beveel om Shadrag, Měshag en Aběd-Nego te boei, en hulle in die brandende vuroond te gooi.

²¹ Toe is daardie mans met hul mantels, hul broeke en hul tulbande en hul ander klere aan geboei, en hulle is in die brandende vuroond gegooi.

²² Omdat die koning se bevel streng en die oond uitermate verhit was, daarom het die vlam van die vuur daardie mans wat Shadrag, Měshag en Aběd-Nego opgeneem het, doodgebrand.

²³ En daardie drie mans, Shadrag, Měshag en Aběd-Nego, het geboeid in die brandende vuroond geval.

²⁴ Toe is koning Nebukadnétstsar verstom en het haastig opgestaan en hy het met

sy raadgewers gepraat en gesê: "Het ons nie drie mans geboeid in die vuur gegooi nie?" Hulle het geantwoord en aan die koning gesê: "Verseker, koning!"

²⁵ Hy het geantwoord en gesê: "Kyk! Ek sien vier mans los in die vuur loop. En hulle is nie beseer nie, en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n seun van die elohim."

²⁶ Toe het Nebukadnétstsar nader na die bek van die brandende vuroond gegaan en gepraat en gesê: "Shadrag, Měshag en Aběd-Nego, dienaars van die Allerhoogste Eloah, kom uit en kom hier!" Toe het Shadrag, Měshag en Aběd-Nego uit die vuroond gekom.

²⁷ En die onderkonings, die goewerneys en die prefekte en die raadgewers van die koning vergader en aan daardie mans gesien dat die vuur geen mag oor hulle liggame gehad en die hare van hulle kop nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.

²⁸ Toe het Nebukadnétstsar gepraat en gesê: "Geseënd is die Eloah van Shadrag, Měshag en Aběd-Nego, wat Sy boodskapper gestuur en Sy dienaars verlos het wat op Hom vertrou het en die bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om geen ander eloah te dien of te aanbid nie, behalwe hulle Eloah!

²⁹ "Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige volk, nasie of taal wat enige kwaad praat teen die Eloah van Shadrag, Měshag en Aběd-Nego, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, omdat daar geen ander eloah is wat soos dit kan verlos nie."

³⁰ Toe het die koning Shadrag, Měshag en Aběd-Nego bevorder in die provinsie Babel.

4 Koning Nebukadnétstsar aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon: Mag julle vrede vermeerder!

² Ek het dit goed gedink om die tekens en wonders wat die Allerhoogste Eloah aan my gedoen het, te verkondig.

DANI'ĒL 4

³ Hoe groot is Sy tekens, en hoe magtig Sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en Sy gesag is van geslag tot geslag!

⁴ Ek, Nebukadnétstsar, het rustig in my huis gelewe en was voorspoedig in my paleis.

⁵ Ek het 'n droom gesien wat my verskrik het, gedagtes op my bed en die visioene van my kop het my bekommer.

⁶ Daarom het ek beveel om al die wyse mans van Babel voor my te bring, dat hulle my die betekenis van die droom bekend kan maak.

⁷ Toe het die towenaars, die voorspellers, die Kasdim en die waarséers gekom, en ek het hulle die droom vertel, maar hulle het sy betekenis nie aan my bekend gemaak nie.

⁸ En eindelijk het Dani'ël, wie se naam Bêltashatstsar is volgens die naam van my eloah, voor my ingekom. En in hom is die gees van die afgesonderde elohim. En ek het hom die droom vertel:

⁹ "Bêltashatstsar, hoof van die towenaars, van wie ek weet dat die gees van die afgesonderde elohim in jou is en dat geen enkele geheim jou kwel nie, vertel my die visioene van die droom wat ek gesien het, die betekenis daarvan.

¹⁰ "Nou die visioene van my kop op my bed was dit: En kyk, ek het 'n boom in die middel van die aarde gesien, en sy hoogte was groot.

¹¹ "Die boom het groot en sterk geword, en sy hoogte het tot aan die hemel gereik, en hy was tot aan die einde van die hele aarde sigbaar.

¹² "Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was voedsel vir almal. Onder hom het die diere van die veld skaduwee gevind, en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon, en alle vlees is daardeur gevoed.

¹³ "Ek het in die visioene van my kop op my bed gesien, en kyk, 'n boodskapper, 'n afgesonderde, het uit die hemel neergedaal.

¹⁴ "Hy het hardop geroep en dit gesê:

'Kap die boom af en sny sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte. Laat die diere onder hom uit weglug en die voëls uit sy takke.

¹⁵ 'Maar laat die stomp van sy wortel met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld in die aarde bly. En laat hy deur die dou van die hemel nat word en saam met die diere deel hê aan die plante van die aarde.

¹⁶ 'Laat sy hart verander word van dié van 'n mens en laat 'n diere hart aan hom gegee word, en sewe tydperke oor hom gaan.

¹⁷ 'Hierdie saak is besluit deur die boodskappers berus en die bevel deur 'n woord van die afgesonderdes, sodat die lewendes kan weet dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige van die mense daarvoor aanstel.'

¹⁸ "Dit is die droom wat ek gesien het, ek koning Nebukadnétstsar. En jy, Bêltashatstsar, sê my die betekenis, omdat al die wyse mans van my koninkryk nie die betekenis aan my kon bekend maak nie. Maar jy is in staat, want die gees van die afgesonderde elohim is in jou."

¹⁹ Toe was Dani'ël, wie se naam Bêltashatstsar was, 'n oomblik verstom en sy gedagtes het hom bekommer. Die koning het toe gepraat en gesê: "Bêltashatstsar, moenie dat die droom en die betekenis jou nie bekommer nie." Bêltashatstsar het geantwoord en gesê: "My meester, mag die droom u haters en sy betekenis u vyande oorkom!

²⁰ "Die boom wat u gesien het, wat groot en sterk geword het, en waarvan die hoogte tot aan die hemel gereik het en wat vir die hele aarde sigbaar was,

²¹ en waarvan die blare mooi en die vrugte baie was, en waar voedsel vir almal aan was, waaronder die diere van die veld gebly en in die takke waarvan die voëls van die hemel gesit het –

²² dit is u, koning, want u het groot en sterk geword. En u grootheid het gegroei en reik tot aan die hemel en u gesag tot

aan die einde van die aarde.

²³ "En soos die koning 'n boodskapper, ja 'n afgesonderde, uit die hemel sien neerdaal en gesê het: 'Kap die boom af en vernietig hom, maar laat die stomp van sy wortel in die aarde bly, en dit met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld. En laat hy deur die dou van die hemel nat word, en sy deel saam met die diere van die veld wees totdat sewe tydperke oor hom gegaan het' –

²⁴ dit is die betekenis, koning, en dit is die besluit van die Allerhoogste wat oor my meester die koning gekom het:

²⁵ "Hulle sal u van die mense verstoot, en u woning sal saam met die diere van die veld wees, en hulle sal u soos die beeste gras laat eet, en u sal deur die dou van die hemel nat word, en sewe tydperke sal oor u gaan totdat u weet dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryk van die mens en dit gee aan wie Hy wil.

²⁶ "En dat hulle beveel het om die stomp van die wortel van die boom te laat bly: u koningskap sal bestendig vir u wees wanneer u weet dat die hemel regeer.

²⁷ "Daarom, koning, laat my raad vir u aanvaarbaar wees en breek met u sondes deur geregtigheid en met u booshede deur guns te bewys aan die ellendiges – u voorspoed mag verleng word."

²⁸ Dit alles het met koning Nebukadnétstsar gebeur.

²⁹ Aan die einde van twaalf maande het hy op die paleis van die koninkryk van Babel rondgeloop.

³⁰ Die koning het gepraat en gesê: "Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het vir die huis van die koninkryk, deur die krag van my vermoë, en tot aansien van my glans nie?"

³¹ Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, het 'n stem uit die hemel geval: "Koning Nebukadnétstsar, aan jou word gesê: die koninkryk word van jou weggeneem,

³² en hulle sal jou van die mense verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees. Jy sal gras eet

soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou gaan, totdat jy weet dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryk van die mens en dit gee aan wie Hy wil."

³³ Dieselfde oomblik het die woord oor Nebukadnétstsar in vervulling gegaan, en hy is van die mense verstoot en het gras soos die beeste geëet, en sy liggaam is deur die dou van die hemel natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos dié van arende, en sy naels soos dié van voëls.

³⁴ En na verloop van tyd het ek, Nebukadnétstsar, my oë na die hemel opgelig, en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en groot gemaak, wie se gesag 'n ewige gesag en Sy koninkryk is van geslag tot geslag.

³⁵ En al die aardbewoners is soos, en Hy doen soos Hy wil met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde. En daar is niemand wat Sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: "Wat het U gedoen?"

³⁶ In dié tyd het my verstand na my teruggekeer, en die aansien van my koningskap, my agting en my glans het na my teruggekeer. En my raadgewers en my goewerneys het my opgesoek, en ek is in my koningskap herstel, en baie grootheid is vir my bygevoeg.

³⁷ Nou prys ek, Nebukadnétstsar, en ek roem en ag die Koning van die hemel, al Sy werke is waarheid en Sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trots wandel.

5 Koning Bělshatstsar het 'n groot fees vir 'n duisend van sy goewerneys gehou, en in teenwoordigheid van die duisend het hy wyn gedrink.

² Terwyl hy die wyn geproe het, het Bělshatstsar beveel om die goue en silwer bekere te bring wat sy vader Nebukadnétstsar uit die Tempel van Jarushalajim geneem het, sodat die koning en sy goewerneys, sy vrouens en sy byvroue daaruit kon drink.

³ Toe het hulle die goue bekere gebring wat uit die Tempel, uit die Huis van Eloah

in Jarusalajim geneem was, en die koning en sy goewerneys, sy vrouens en sy byvroue het daaruit gedrink.

⁴ Hulle het wyn gedrink en die elohim van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys.

⁵ Op daardie oomblik het vingers van 'n mens se hand uitgekome en teenoor die lampstaander op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskryf. En die koning het die deel van die hand gesien wat geskryf het.

⁶ Toe het die voorkoms van die koning verander, en sy gedagtes het hom bekommer, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan.

⁷ Die koning het hardop uitgeroep om die voorspellers, die Kasdim en die waarsêers in te bring. Die koning het gepraat en aan die wyse mans van Babel gesê: "Wie ook al hierdie geskryf lees en sy betekenis aan my bekend maak, sal met purper beklee word, en 'n goue ketting sal om sy nek wees, en die derde regeerder in die koninkryk wees."

⁸ Toe het al die wyse mans van die koning ingekom, maar hulle was nie in staat om die skrif te lees en sy betekenis aan die koning bekend te maak nie.

⁹ Toe was koning Bêlshatstar baie bekommerd, en sy voorkoms het verander, en sy goewerneys was verward.

¹⁰ Die koningin het weens die woorde van die koning en van sy goewerneys na die banketsaal gegaan. Die koningin het gepraat en gesê: "Mag die koning vir ewig lewe! Laat u gedagtes u nie bekommer en u voorkoms nie verander nie.

¹¹ "Daar is 'n man in u koninkryk in wie die gees van die afgesonderde elohim is. En in die dae van u vader is lig en intelligensie en wysheid soos die wysheid van die elohim in hom gevind. En koning Nebukadnêststar, u vader, het hom as hoof van die townenaars, die voorspellers, die Kasdim, die waarsêers aangestel, u vader, koning,

¹² omdat 'n uitstekende gees en kennis

en intelligensie om drome uit te lê en raaisels op te los en knope los te maak in hierdie Dani'ël gevind is, aan wie die koning die naam van Bêltashatstar gegee het. Nou, laat Dani'ël geroep word, dan sal hy die betekenis bekend maak."

¹³ Toe is Dani'ël voor die koning ingebring. Die koning het gepraat en vir Dani'ël gesê: "Is jy Dani'ël wat 'n seun van die ballinge van Jahuda is, wat die koning, my vader, uit Jahuda gebring het?"

¹⁴ "Ek het van jou gehoor, dat die gees van die elohim in jou is, en dat lig en intelligensie en uitstekende wysheid in jou gevind word.

¹⁵ "En die wyse mans, die voorspellers, was voor my ingebring om hierdie skrif te lees en sy betekenis aan my bekend te maak, maar hulle was nie in staat om die betekenis van die woord bekend te maak nie.

¹⁶ "En ek het van jou gehoor dat jy betekenis kan gee en knope kan losmaak. Indien jy nou die geskryf kan lees en sy betekenis aan my bekend maak, sal jy met purper beklee word, en 'n goue ketting sal daar om jou nek wees, en jy sal die derde regeerde in die koninkryk wees."

¹⁷ En Dani'ël het geantwoord en voor die koning gesê: "Laat u gawes maar vir uself wees en gee u geskenke aan 'n ander. Ek sal nogtans die geskryf vir die koning lees en die betekenis aan hom bekend maak.

¹⁸ "Koning, die Allerhoogste Eloah het aan u vader Nebukadnêststar, die koningskap en grootheid en aansien en agting gegee.

¹⁹ "En weens die grootheid wat Hy hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en gevrees voor hom. Wie hy wou, het hy doodgemaak, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder.

²⁰ "Maar toe sy hart hom verhef het en sy gees sterk was in trots, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot, en die aansien is hom ontnem.

²¹ "En hy is van die mense verstoot, en sy hart het soos die diere geword, en hy het saam met die wilde donkies gebly. Hulle het hom gras soos die beeste laat eet, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak totdat hy geweet het dat die Allerhoogste Elohim mag het oor die koningskap van die mens en daaroor kan aanstel wie Hy wil.

²² "Maar u, Bêlshatstsar, sy seun, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles geweet het.

²³ "En u het u verhef teen die Meester van die hemel. En hulle het die bekere van Sy Huis voor u gebring, en u en u goewerneys, u vrouens en u byvroue het wyn daaruit gedrink. En u het die elohim van silwer en goud, koper, yster, hout en klip geprys, wat nie sien en nie hoor en nie weet nie. Maar die Eloah wat u asem in Sy hand hou en voor wie al u paaie is, Hom het u nie groot gemaak nie.

²⁴ "Toe is die deel van die hand deur Hom gestuur en hierdie geskrif geskryf.

²⁵ "En dit is die skrif wat geskryf is: MENĒ, MENĒ, TEKĒL UFARSĪN.

²⁶ Dit is die betekenis van die woord: MENĒ – Eloah het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak.

²⁷ "TEKĒL – U is op die weegskaal geweeg en onvoldoende bevind.

²⁸ "PARAS – U koninkryk is verdeel en aan die Madai en Perse gegee."

²⁹ Toe het Bêlshatstsar beveel, en hulle het Dani'ël met purper beveel, en hulle het 'n goue ketting om sy nek, en aangaande hom uitgeroep dat hy die derde regeerder in die koninkryk was.

³⁰ In dieselfde nag is Bêlshatstsar, die koning van die Kasdim, doodgemaak.

6 En Darajawesh, die Madai, was twee en sestig jaar oud toe hy die koninkryk geneem het.

² Dit het Darajawesh behaag om oor die koninkryk honderd en twintig onderkonings aan te stel wat oor die hele koninkryk sou wees,

³ en oor hulle drie ministers, van wie

Dani'ël een was, aan wie hierdie onderkonings reenskap moes gee, sodat die koning nie sou skade ly nie.

⁴ Toe het hierdie Dani'ël hom bo die ministers en die onderkonings onderskei, omdat 'n uitmuntende gees in hom was. En die koning het beplan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

⁵ Toe het die ministers en die onderkonings 'n rede gesoek om 'n aanklag teen Dani'ël te vind aangaande die regering, maar hulle kon geen enkele rede vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vind was nie.

⁶ Toe het hierdie mans gesê: "Ons sal teen hierdie Dani'ël geen enkele rede vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in die wet van sy Eloah."

⁷ Toe het hierdie ministers en onderkonings oproerig voor die koning vergader en vir hom só gesê: "Mag koning Darajawesh vir ewig lewe!

⁸ "Al die ministers van die koninkryk, die goewerneys en die onderkonings, die raadgewers en die prefekte het saam besluit om 'n koninklike 'n edik te bevestig en 'n verbod te bekragtig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige eloah of mens behalwe aan u, koning, in die leeu kuil gegooi sal word.

⁹ "Nou, koning, bevestig 'n verbod, en teken die geskrif, sodat dit nie verander mag word nie volgens die wet van Madai en Perse, wat nie verval nie."

¹⁰ Hierop het koning Darajawesh die geskrewe verbod geteken.

¹¹ En toe Dani'ël verneem het dat die geskrif geteken was, het hy na sy huis gegaan en in sy bo-kamer met sy vensters oop na Jarushalajim, het hy drie maal op 'n dag op sy knieë gekniel en gebid en gelofprys voor sy Eloah, net soos hy tevore gedoen het.

¹² Toe het daardie mans rumoerig vergader en Dani'ël gevind terwyl hy gebid en voor sy Eloah om guns gesmeek het.

¹³ Toe het hulle voor die koning nader

gekem en oor die koninklike verbod gepraat: "Het u nie 'n verbod geteken dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek doen aan enige eloah of mens behalwe aan u, koning, in die leeu-kuil gegooi moet word nie?" Die koning het geantwoord en gesê: "Die woord staan vas volgens wet van Madaï en Perse wat nie verval nie."

¹⁴ Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: "Dani'ël, een van die seuns van die ballinge van Jahuda, het hom aan u, koning, en aan u verbod wat u geteken het, nie gesteur nie, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebed."

¹⁵ Toe die koning die woord het hoor, was hy baie ontevrede met homself, en hom ingestel om Dani'ël te verlos. En tot sonder het hy moeite gedoen om hom te red.

¹⁶ Toe het daardie mans oproerig voor die koning vergader en aan die koning gesê: "Weet, koning, dat dit 'n wet van Madaï en Perse is dat elke verbod of edik wat die koning bevestig het, nie verander mag word nie."

¹⁷ Toe het die koning beveel, en hulle het Dani'ël gebring en in die leeu-kuil gegooi. Die koning het gepraat en vir Dani'ël gesê: "Mag jou Eloah wat jy voortdurend aanbid, jou verlos!"

¹⁸ En 'n klip is gebring en op die opening van die kuil gelê, en die koning het dit met sy ring en met die ring van sy goewerners verseël, sodat die saak met Dani'ël nie verander kon word nie.

¹⁹ Toe het die koning na sy paleis gegaan en die nag deurgebring met vas. En geen musiek was voor hom gebring nie, en sy slaap het van hom weggevlug.

²⁰ Toe het die koning met dagbreek die môre, opgestaan en haastig na die leeu-kuil gegaan.

²¹ En toe hy by die kuil gekem het, het hy met 'n bedroefde stem na Dani'ël geroep. Die koning het gepraat en vir Dani'ël gesê: "Dani'ël, dienaar van die lewende Eloah, was jou Eloah wat jy voortdurend aanbid, in staat om jou van die leeus te verlos?"

²² Toe het Dani'ël vir die koning gesê: "Mag die koning vir ewig lewe!"

²³ "My Eloah het Sy boodskapper gestuur en die bek van die leeus toegemaak, sodat hulle my nie kon vernietig nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is. En ek ook teen u, koning, het ek geen onreg gedoen nie."

²⁴ Toe was die koning baie bly en het beveel om Dani'ël uit die kuil op te trek. En Dani'ël is uit die kuil opgetrek en geen skade is aan hom gevind nie, omdat hy op sy Elohim vertrou het.

²⁵ En die koning het beveel, en hulle het daardie mans gebring wat Dani'ël beskuldig het, en hulle, hul kinders en hul vrouens in die leeu-kuil gegooi. En verseker, voor hulle die bodem van die kuil bereik het, het die leeus het hulle oorweldig en al hulle bene vermorsel.

²⁶ Toe het koning Darajawesh aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon, geskryf: "Mag julle vrede vermeerder!"

²⁷ Deur my word dekreet gemaak dat deur die hele magsgebied van my koninkryk moet gebewe en gevrees word voor die Eloah van Dani'ël, want Hy is die lewende Elohim en Hy bestaan in ewigheid. En Sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en Sy gesag duur tot die einde.

²⁸ "Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op aarde, Hy wat Dani'ël uit die mag van die leeus verlos het."

²⁹ En hierdie Dani'ël was voorspoedig onder die regering van Darajawesh en onder die regering van Koresh, die Parsi.

7 In die eerste jaar van Bêlshatstsar, die koning van Babel, het Dani'ël 'n droom gesien en visioene van sy kop op sy bed. Toe het hy die droom opgeskryf, die hoofsaak vertel.

² Dani'ël het gepraat en gesê: "Ek het in die nag in my visioen gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het op die Groot See voort gestorm.

³ "En vier groot diere het uit die see

opgekom, elk verskillend van mekaar.

⁴ "Die eerste soos 'n leeu, en met vlerke van 'n arend. Ek het gekyk totdat sy vlerke afgeruk is en dit van die grond af opgelig en soos 'n mens op twee voete opgestaan het en 'n mensehart daaraan gegee is.

⁵ "En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, soos 'n beer. En dit is aan die een kant opgelig, en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande. En hulle het só vir hom gesê: 'Staan op, vreet baie vleis.'

⁶ "Hierna het ek gesien, en kyk, 'n ander een soos 'n luiperd, en met vier vlerke van 'n voël op sy rug. Die dier het ook vier koppe gehad, en gesag is daaraan gegee.

⁷ "Hierna het ek in die nagvisioene gesien, en kyk, 'n vierde dier, angswekkend en lywig en baie sterk. En dit het groot ystertande gehad. Dit het verslind en vermorsel en die oorblyfsel met sy pote vertrap. En dit was verskillend van al die diere wat voor hom was, en dit het tien horings gehad.

⁸ "Terwyl ek die horings bedink het, het 'n ander horinkie tussen hulle opgekom, en drie van die vorige horings is voor dit antwoordel. En kyk, oë soos oë van 'n man, en 'n mond wat oordonderend praat.

⁹ "Ek het gekyk totdat trone reggesit is en die Agbare van Dae gaan sit het. Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy kop soos skoon wol, Sy troon was vuurvlamme, met wiele van brandende vuur.

¹⁰ "n Stroom van vuur het gevloei en van voor Hom uit gekom, en duisend duisende het Hom gediën, en tien duisend tien duisende het voor Hom gestaan, die Regter het gesit, en die boeke is geopen.

¹¹ "Ek het gekyk. Toe, weens die klank van die oordonderende woorde wat die horing gesê het, het ek gekyk totdat die dier doodgemaak en sy liggaam vernietig en oorgegee is aan die brande vuur.

¹² "En die oorblywende diere se gesag is van hulle weggeneem. Maar 'n verlenging van lewe is aan hulle gegee vir 'n seisoen

en tyd.

¹³ "Ek het gesien in die nagvisioene, en kyk, met die wolke van die hemel het Een soos die Seun van Enosh^b gekom! En Hy het tot by die Agbare van Dae gekom, en hulle het Hom nader voor Hom gebring.

¹⁴ "En aan Hom is gesag en aansien en 'n koninkryk gegee, en al die volke en nasies en tale het Hom gediën. Sy gesag is 'n ewige gesag wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

¹⁵ "Ek, Dani'ël, was in my gees in my liggaam bedroef, en die visioene van my kop het my gepla.

¹⁶ "EK het een van die wat daar gestaan het genader, en van hom sekerheid gevra oor dit alles. En hy het vir my gesê en die betekenis van die dinge aan my bekend gemaak:

¹⁷ 'Hierdie groot diere wat vier is, is vier konings wat uit die aarde opstaan.

¹⁸ 'En die afgesonderdes van die Allerhoogste sal die koninkskap ontvang, en hulle sal die koninkryk vir ewig in besit neem, en selfs vir ewig en altyd.'

¹⁹ "Toe wou ek sekerheid hê oor die vierde dier wat anders as al die ander was, baie angswekkend, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorblyfsel met sy pote vertrap het, ²⁰ en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het – hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat oordonderend gepraat het, terwyl sy voorkoms groter was as van die ander.

²¹ "Ek het gekyk, en hierdie horing het teen die afgesonderdes geveg en hulle oorwin,

²² totdat die Agbare van Dae gekom het en regspraak aan die afgesonderdes van die Allerhoogste gegee is en die tyd gekom het dat die afgesonderdes die koninkryk in besit geneem het.

²³ "Só het hy gesê: 'Die vierde dier is die

^b Aramees: *Seun van Enosh* in die geval dieselfde as *Seun van Adam*

vierde koninkryk op die aarde, wat anders is as al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel.

²⁴ 'En die tien horings is tien konings uit daardie koninkryk. Hulle sal opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hy sal anders wees van die voriges en drie konings neergooi.

²⁵ 'En hy sal woorde praat teen die Allerhoogste en die afgesonderdes van die Allerhoogste mishandel, en hy sal beplan om vasgestelde tye^c en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word vir 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.

²⁶ 'Maar die gereg sal sit, en hulle sal sy gesag wegneem om dit af te sny en te vernietig tot die einde.

²⁷ 'En die koningskap en die gesag en die grootheid van die koninkryke onder die hele hemel sal aan die volk van die afgesonderdes van die Allerhoogste gegee word. Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die gesagsdraers sal Hom dien en gehoorsaam.'

²⁸ Hier is die einde van die saak. Wat my, Dani'ël, betref, my gedagtes het my baie gepla en my kleur het aan my verander, maar die saak het ek in my hart behou.'

8 In die derde jaar van die regering van koning Bëlshatstsar het 'n visioen aan my, Dani'ël, verskyn na die een wat die vorige keer aan my verskyn het.

² Ek het in die visioen gesien, en terwyl ek gekyk het, was ek in die vesting Shushan wat in die provinsie Ēlam is. En ek het in die visioen gesien en ek was by die Ulairivier.

³ En ek het my oë opgelig en gesien, en kyk, 'n ram het langs die rivier gestaan, en hy het twee horings gehad, en die twee horings was hoog. En die een was hoër as die ander, en die hoogste het laaste uitgekom.

^c Word ook gebruik vir feeste en verskil van tye soos aan die einde van vers 25 wat normaalweg as 'n vasgestelde tydskuur soos 'n jaar gereken word.

⁴ Ek het die ram na die weste en na die noorde en na die suide gesien stoot, en al die diere kon nie voor hom standhou nie, en daar was niemand wat uit sy hand gered het nie, maar hy het gedoen net wat hy wou, en het groot geword.

⁵ En kyk, terwyl ek het gedink het, het 'n bokram uit die weste oor die oppervlakte van die hele aarde gekom, sonder om aan die grond te raak. En die bok het 'n opvallende horing tussen sy oë gehad.

⁶ En hy het na die ram met die twee horings gekom wat ek langs die rivier gesien staan het, en hom in die woede van sy krag stormgeloop.

⁷ En ek het hom gesien naby die ram kom en hy het verbitterd teen hom geword en die ram gestoot en sy twee horings gebreek. En daar was geen krag in die ram om voor hom stand te hou nie, en hy het hom teen die grond gegooi en hom vertrap, en daar was niemand wat die ram uit sy hand gered het nie.

⁸ En die bokram het baie groot geword. Maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, en vier opvallende horings het in sy plek uitgekom na die vier winde van die hemel.

⁹ En uit een van hulle het 'n klein horing, uitgekom, maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land.

¹⁰ En dit het groot geword tot by die leer van die hemel. En dit het sommige van die leer, van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap.

¹¹ Dit het selfs tot by die Hoof van die leer groot geword. En dit het die daaglikse offer aan Hom laat ophou en die fondasie van Sy afgesonderde plek neergegooi.

¹² En 'n leer is aan die horing gegee teen die daaglikse offer weens rebelie. En dit het die waarheid op die grond neergegooi^d en dit het opgetree en voorspoed gehad.

¹³ Toe het ek een afgesonderde gehoor

^d Jes 59:14

praat. En 'n ander afgesonderde het aan die een wat gepraat het, gesê: "Hoe lank is die visioen van die daaglikse offer en die verwoestende rebellie om albei, die afgesonderde plek en die leër aan vertrapping oor te gee?"

¹⁴ En hy het vir my gesê: "Vir twee duisend drie honderd aande en oggende, dan sal die afgesonderde plek reggestel word."

¹⁵ En toe ek, Dani'ël, die visioen gesien het, wou ek dit te begryp, en kyk, voor my het iemand gestaan wat soos 'n krygsman gelyk het.

¹⁶ En ek het die stem van 'n man gehoor wat van die Ulai geroep en gesê het: "Gabriël, laat hierdie een die visioen begryp!"

¹⁷ Hy het toe nader gekom waar ek gestaan het. En toe hy gekom het, was ek bang en het op my gesig geval. En hy het vir my gesê: "Begryp, mensekind, want die visioen wys op die tyd van die einde."

¹⁸ En terwyl hy met my gepraat het, het ek bewusteloos met my gesig op die grond geval, maar hy het aan my geraak en my laat regop staan,

¹⁹ en gesê: "Kyk, ek maak aan jou bekend wat aan die einde van die toorn sal gebeur, want op die bepaalde tyd is die einde.

²⁰ "Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Madai en die Perse.

²¹ "En die harige bokram is die koning van Jawan,⁶ en die groot horing tussen sy oë, is die eerste koning.

²² "En dat dit gebreek is en vier in sy plek ontstaan het, is vier koninkryke wat uit sy volk ontstaan, maar nie met sy krag nie.

²³ "Maar aan die einde van hulle koningskap, wanneer die rebellie die maat volgemaak het, sal 'n koning, hard van gesig en wat intriges verstaan, opstaan.

²⁴ "En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie, en hy sal geweldig vernietig en optree en voorspoed hê. En hy

sal magtiges vernietig en ook die volk van die afgesonderdes.

²⁵ En met sy vermoë sal hy bedrog in sy hand voorspoedig laat wees, en hy sal groot dinge in sy hart besluit en baie mense in vrede vernietig, en selfs teen die Hoof van die hoofde staan, maar hy sal sonder 'n mensehand gebreek word.

²⁶ En wat in die visioen van die aande en die oggende gesê is, is waarheid. En hou die visioen geheim, want dit is na baie dae."

²⁷ En ek, Dani'ël, was gewees en dae lank siek. Toe het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen. En ek was verstom oor die visioen, maar daar was geen begrip nie.

9 In die eerste jaar van Darajawesh, die seun van Ahashwērosh, uit die saad van die Madai, wat koning gemaak was oor die koninkryk van die Kasdim,

² in die eerste jaar van sy regering het ek, Dani'ël, volgens die Skrifte verstaan dat die aantal jare volgens die woord van יהוה aan die profeet Jirmejahu gekom het oor die voltooiing van die verwoesting van Jarushalajim, sewentig jare sou wees.

³ En ek het my gesig na Meester Elohim gerig om te soek deur gebed en smeking met vas en in sak en as.

⁴ En ek het tot יהוה my Elohim gebid en bely en gesê: "Ag, Meester, grote en ontzagwekkende Ēl, wat die verbond en die guns bewaar vir die wat Hom liefhet en vir die wat Sy gebooie bewaar.

⁵ "Ons het gesondig en verkeerd gedoen en boosheid gedoen en gerebelleer en van U gebooie en oordele weggedraai.

⁶ "En ons het nie na U dienaars, die profete, geluister wat in U Naam met ons konings, ons hoofde en ons vaders en met die hele volk van die land gepraat het nie.

⁷ "Aan U, Meester, die geregtigheid, maar aan ons skaamte van die gesig soos dit vandag is, aan die mans van Jahuda en aan die inwoners van Jarushalajim en aan die hele Jisra'ël, die wat naby en die

⁶ Griekeland

wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, weens hulle oortreding wat hulle teen U oortree het.

⁸ "יהוה", aan ons skaamte van die gesig, aan ons konings, aan ons hoofde en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het.

⁹ "By Meester ons Elohim is guns en vergifnis, al het ons teen Hom gerebelleer

¹⁰ en nie na die stem van יהוה ons Elohim geluister om in Sy Torot wat Hy ons deur die diens van Sy dienaars, die profete, voorgehou het, te wandel nie.

¹¹ "Maar die hele Jisra'ël het U Tora oortree en weggedraai deurdat hulle nie na U stem geluister het nie. Daarom is die vloek en die eed oor ons uitgestort wat geskryf is in die Tora van Moshe, die dienaar van Elohim, want ons het teen Hom gesondig.

¹² "En Hy het Sy woorde wat Hy oor ons en oor ons rigters wat ons bestuur het, gesê het, bevestig deur groot teëspoed oor ons te bring. Want onder die ganse hemel is nie gedoen soos in Jarushalajim gedoen is nie.

¹³ "Soos geskryf in die Tora van Moshe, het al hierdie teëspoed oor ons gekom, en ons het nie die gesig van יהוה ons Elohim gesmeek deur weg te draai van ons ongeregthede en op U waarheid ag te gee nie.

¹⁴ "Daarom was יהוה wakker oor die teëspoed, en het dit oor ons gebring. Want יהוה ons Elohim is regverdig in al Sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na Sy stem geluister nie.

¹⁵ "En nou, ons Meester Elohim wat U volk uit die land Mitsrajim met 'n sterk hand gelei en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is, ons het gesondig, ons was boos.

¹⁶ "Meester, volgens al U geregtigheid, ek smEEK, laat U toorn en U grimmigheid van U stad Jarushalajim, U afgesonderde berg, weggedraai word, want weens ons sondes en die ongeregthede van ons vaders is Jarushalajim en U volk 'n voorwerp van veragting vir almal rondom ons.

¹⁷ "En nou, ons Elohim, hoor die gebed van U dienaar en na sy smeking, en laat ter wille van יהוה U gesig skyn oor U afgesonderde plek wat verwoes lê.

¹⁸ "Neig u oor, my Elohim, en hoor, open u oë en sien ons verwoeste plekke en die stad wat na U Naam genoem is. Want ons gooi nie ons smeking op grond van ons geregtigheid voor U gesig nie, maar op grond van U groot barmhartigheid.

¹⁹ "Meester, hoor! Meester, vergeef! Meester, luister en doen! Moenie uitstel nie, om U ontwil, my Elohim, want U stad en U volk word na U Naam genoem."

²⁰ En terwyl ek nog gepraat en gebid en my sonde en die sonde van my volk Jisra'ël bely en my smeking voor יהוה my Elohim gegooi het, vir die afgesonderde berg van my Elohim,

²¹ en terwyl ek nog in die gebed gepraat het, het die man Gabri'el wat ek in die begin in die visioen gesien het, na my gekom in vinnige vlug, omtrent die tyd van die aandoffer.

²² En hy het my laat verstaan en met my gepraat en gesê: "Dani'ël, nou het ek gekom om jou insig en begrip te gee.

²³ "By die begin van jou smeking het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit bekend te maak, want jy is geliefd. Daarom, begryp die woord en begryp die visioen.

²⁴ "Sewentig weke is oor jou volk en jou afgesonderde stad bepaal, om die rebellie te beëindig en om die maat van die sondes te verseël en om die ongeregtheid te versoen en om ewige geregtigheid te bring en om visioen en profeet te verseël en om die mees afgesonderdes te salf.

²⁵ "Weet nou, en begryp: vanaf die uitgang van die woord om Jarushalajim te herstel en op te bou tot op messias, die Prins, is sewe weke en twee en sestig weke. En dit sal herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.

²⁶ "En na die twee en sestig weke sal messias afgesny word en niks wees nie. En die volk van 'n prins wat sal kom, sal

die stad en die afgesonderde plek verwoes. En sy einde sal met 'n oorstroming wees. En tot die einde sal daar oorlog, vasbeslote verwoestings, wees.

²⁷ "En hy sal 'n verbond een week lank met baie sluit. En in die middel van die week sal hy slagoffer en graanoffer laat ophou. En op die vleuel van gruwers sal hy verwoes, en selfs tot aan die einde en wat besluit is, sal oor hom wat verwoes, uitgestort word."

10 In die derde jaar van Koresh, die koning van Paras, is 'n woord aan Dani'ël wat Bēltashatstsar genoem is, geopenbaar. En die woord is waar maar groot moeilikheid. En hy het die woord begryp en insig gehad in die visioen.

² In daardie dae het ek, Dani'ël, drie volle weke getreur.

³ Ek het nie smaaklike kos geëet en vleis en wyn het nie in my mond gekom nie, en ek het my glad nie gesalf nie, tot drie volle weke verby was.

⁴ En op die vier en twintigste dag van die eerste maand, terwyl ek op die kant van die groot rivier was, dit is die Hiddedel,

⁵ het ek my oë opgelig, en gekyk en 'n man gesien met linne geklee, en sy heupe was omgord met goud van Ufas.

⁶ En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy gesig soos die voorkoms van weerlig en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die klank van sy woorde soos die klank van 'n menigte.

⁷ En ek, Dani'ël, alleen het die visioen gesien, maar die mans wat saam met my was, het die visioen nie gesien nie. Nogtans het 'n groot angs hulle oorval, en hulle het gevlug om hulle te versteek.

⁸ En ek het alleen oorgebly en hierdie groot visioen gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my voorkoms het aan my verander na verwoesting, en ek het geen krag oorgehou nie.

⁹ En ek het die klank van sy woorde gehoor, en toe ek die klank van sy woorde gehoor het, het ek bewusteloos op my gesig, met my gesig op die aarde, geval.

¹⁰ En kyk, 'n hand het aan my geraak wat my bewend op my knieë en op die handpalms laat staan het.

¹¹ En hy het vir my gesê: "Dani'ël, geliefde man, begryp die woorde wat ek vir jou sê, en staan regop, want ek is nou na jou gestuur." En terwyl hy hierdie woord vir my gesê het, het ek bewend gestaan.

¹² En hy het vir my gesê: "Moenie vrees nie, Dani'ël, want vanaf die eerste dag dat jy jou hart daarop gerig het om te begryp en jou voor jou Elohim te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en oor jou woorde het ek gekom.

¹³ "Maar die hoof van die koninkryk van Paras het een en twintig dae lank teen my gestaan, en kyk, Miga'ël, een van die eerste hoofde, het gekom om my te help, en ek het by die konings van Paras oorgebly.

¹⁴ "En ek het gekom om jou te laat begryp oor wat jou volk te beurt sal val aan die einde van die dae. Want die visioen is na baie dae."

¹⁵ En na hy hierdie woorde vir my gesê het, het ek my gesig na die grond gedraai en stil gebly.

¹⁶ En kyk, een wat soos die seuns van die mens gelyk het, het aan my lippe geraak. Toe het ek my mond oopgemaak en gepraat en aan hom wat voor my gestaan het, gesê: "My meester, deur die visioen het krampe oor my gekom en ek het geen krag oorgehou nie.

¹⁷ "En hoe kan hierdie dienaar van my meester met u, my meester praat? Wat my aangaan, bestaan daar nou geen krag in my nie, en geen asem het in my oorgebly nie."

¹⁸ En weer het die een wat soos 'n mens gelyk het, aan my geraak en my versterk.

¹⁹ En hy het gesê: "Moenie vrees nie, geliefde man! Vrede vir jou, wees sterk, ja, wees sterk!" En toe hy met my gepraat het, is ek versterk en het gesê: "My meester kan maar praat, want u het my versterk."

²⁰ En hy het gesê: "Weet jy waarom ek na jou gekom het? En nou moet ek moet teruggaan om te veg met die hoof van

Paras. En wanneer ek gegaan het, kyk, sal die hoof van Jawan kom.

²¹ "Maar laat ek jou vertel wat geskryf is in die Boek van die Waarheid, en daar is nie een wat saam met my teen hulle sterk staan nie, behalwe julle hoof Miga'ël.

11 "En ek, het in die eerste jaar van Darajawesh, die Madai, opgestaan om hom te versterk en te beskerm.

² "En nou vertel ek jou die waarheid: Kyk, nog drie konings sal in Paras opstaan, en die vierde sal groter rykdom versamel as almal. En deur die krag van sy rykdom, sal hy almal opsweep teen die koninkryk van Jawan.

³ "En 'n dapper koning sal opstaan wat met groot gesag sal regeer en sal maak net soos hy wil.

⁴ "En wanneer hy opgestaan het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier winde van die hemel verdeel word, maar nie aan sy nakomelinge en nie soos die gesag waarmee hy regeer het nie, want sy koninkryk sal weggeskeur word na ander buiten hierdie.

⁵ "En 'n koning van die Suide sal sterk word, maar een van sy hoofde sal sterker word as hy en regeer. Sy gesagsgebied sal 'n groot gebied wees.

⁶ "En na jare sal hulle 'n verbintenis met mekaar aangaan, en die dogter van die koning van die Suide sal na die koning van die Noorde kom om 'n ooreenkoms te sluit. En sy sal nie die krag van die arm behou nie, en hy en sy arm sal nie standhou nie. En sy self sal prysgegee word saam met die wat haar gebring het, sowel as hy wat haar verwek het en haar in daardie tyd versterk het.

⁷ "Maar uit 'n spruit van haar wortels sal een in sy plek opstaan en teen die leër optrek, en hy sal in die vesting van die koning van die Noorde kom en teen hulle optree en oorwin,

⁸ en ook hulle elohim en hulle gegote beelde saam met hulle kosbare voorwerpe van silwer en goud in gevangenskap, en na Mitsrajim bring. En hy sal

meer jare as die koning van die Noorde staan.

⁹ "Dan sal hy in die koninkryk van die koning van die Suide gaan, en hy sal na sy land terugkeer.

¹⁰ "En sy seuns sal hulself aanhits en 'n menigte groot leërs versamel. En hy sal verseker aankom en instroom en deurtrek en dan terugkeer tot by sy vesting, en hulle sal aangehits wees.

¹¹ "En die koning van die Suide sal verbiterd word en uitgaan en teen hom, die koning van die Noorde, veg, wat ook 'n groot menigte sal oprig. Maar hierdie menigte sal in sy hand gegee word.

¹² "En hy sal die menigte gevange neem, en hy sal sy hart verhef. En hy sal tien duisende laat val, maar nie sterk bly nie.

¹³ "En die koning van die Noorde sal terugkeer en 'n groter menigte oprig as die eerste, en na 'n tyd van jare, sal hy verseker kom met 'n groot leër en 'n groot gevolg.

¹⁴ "En in daardie tye sal baie teen die koning van die Suide opstaan, en die gewelddadiges van jou volk sal hulself verhef om 'n visioen te vervul, maar hulle sal struikel.

¹⁵ "En die koning van die Noorde sal kom en 'n wal gooi en 'n versterkte stad inneem. En die leërs van die Suide sal nie weerstaan nie, selfs nie sy uitgesoekte mans nie, en daar sal geen krag wees om te weerstaan nie.

¹⁶ "En hy wat teen hom kom, sal maak net soos hy wil, en niemand sal voor hom staan nie. Hy sal staan in die Pragtige Land, met vernietiging in sy hand.

¹⁷ "En hy sal sy gesig daarop rig om met die sterkte van sy hele koninkryk te kom, maar hy sal tot vergelyk met hom kom. En hy sal vir hom 'n dogter van vrouens gee dit te verlei. Maar sy sal nie bly staan nie, en nie vir hom wees nie.

¹⁸ "Dan sal hy sy gesig na die kuslande draai en baie verower. Maar 'n regeerder sal die skande teen hulle beëindig. Sonder enige skande van sy eie sal hy dit na homself laat draai.

DANI'ËL 11

¹⁹ "Dan sal hy sy aangesig na die vestings van sy land draai, maar hy sal struikel en val en nie gevind word nie.

²⁰ "En in sy plek sal iemand opstaan wat belastings deur die pragtigste deel van die koninkryk insamel, maar in een dag sal hy gebreek word, maar nie deur toorn of deur oorlog nie.

²¹ "En in sy plek sal 'n veragtelike opstaan op wie geen koninklike aansien gelê word nie. Maar hy sal vreedsaam kom en met slinkshede die koninkryk gryp.

²² "En die arms van die vloed sal voor hom weggespoel en gebreek word, en ook die prins van die verbond.

²³ "En nadat hulle 'n verbintenis met hom aangegaan het, pleeg hy bedrog, en hy sal opkom en met 'n klein volk sterk word.

²⁴ "Vreedsaam en in die rykste dele van die provinsie sal hy kom, en hy sal doen wat sy vaders en sy vaders se vaders nie gedoen het nie: roof en buit en goed sal hy onder hulle uitstrooi en teen vestings planne beraam, maar net vir 'n tyd.

²⁵ "En hy sal sy krag en sy hart opsweep teen die koning van die Suide met 'n groot leër, en die koning van die Suide sal aangehits word vir oorlog met 'n groot en baie sterk leër, maar hy sal nie bly staan nie, want hulle sal planne teen hom smee.

²⁶ "En die wat sy kos geëet het, sal hom vernietig, en sy leër sal wegvloei, en baie gesneuweldes sal daar lê.

²⁷ "En albei hierdie konings se harte sal boosheid doen, en aan een tafel sal hulle leuens praat, maar dit sal nie voorspoedig wees nie, want die einde is eers op die vasgestelde tyd.

²⁸ "En hy sal na sy land terugkeer met baie rykdom, en sy hart sal teen die afgesonderde verbond wees. En hy sal optree en na sy land terugkeer.

²⁹ "Op die vasgestelde tyd sal hy terugkeer en na die suide gaan, maar dit sal nie soos die eerste of die laaste wees nie.

³⁰ "Want skepe van die Kittiers sal teen hom kom, en hy sal moedeloos word, en in woede terugkeer teen die afgesonderde

verbond en optree, en hy sal terugkeer en ag gee op die wat die afgesonderde verbond versaak het.

³¹ "En kragtiges sal deur hom opstaan en die afgesonderde plek, die vesting, skend, en hulle sal die daaglikse *offer* afskaf en die gruwel van die verwoesting opstel.^f

³² "En die wat boosheid teen die verbond doen, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle Elohim ken, sal sterk wees en doen.

³³ "En diegene met insig tussen die volk sal begrip aan baie gee. En hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en plundering vir dae.

³⁴ "En terwyl hulle struikel, sal hulle met 'n bietjie hulp gehelp word, maar baie sal uit slinkheid by hulle aansluit.

³⁵ "En van diegene met insig sal sommige struikel, om hulle te louter en te reiniging en om hulle wit te maak tot die tyd van die einde, want dit is steeds tot op die vasgestelde tyd.

³⁶ "En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige òl, en teen die Ël van die òlim sal hy ongelooflike dinge sê, en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is – want wat vas besluit is, sal gebeur.

³⁷ "En hy sal geen begrip hê vir die elohim van sy vaders nie, of vir die vreugde van die vrouens of begrip vir enige eloah hê nie, want hy sal homself bo alles groot maak.

³⁸ "Maar in sy plek sal hy aansien aan die eloah van die vestings gee. En aan die eloah wat sy vaders nie geken het nie, sal hy aansien gee met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede.

³⁹ "En hy sal dit doen teen die versterkte vestings met 'n vreemde eloah, wat hy sal erken. Hy sal baie aansien ontvang en hulle oor baie laat regeer en die land verdeel vir wins.

⁴⁰ "En in die tyd van die einde sal die koning van die Suide hom stoot, en die ko-

^f Sien 8:13; 9:27

DANI'ĒL 12

ning van die Noorde sal teen hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe. En hy sal in die lande kom en instroom en dit deurtrek.

⁴¹ "En hy sal in die Pragtige Land kom, en baie sal struikel, maar hierdie sal uit sy hand ontsnap: Ēdom en Moab en die hoof van die seuns van Ammon.

⁴² "En hy sal sy hand uitsteek teen die lande, en die land Mitsrajim sal nie ontsnap nie.

⁴³ "En hy sal regeer oor die skatte van goud en silwer en oor al die rykdom van Mitsrajim, en Luḅim en Kush sal sy voetspore volg.

⁴⁴ "En gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom ontstel, en hy sal met groot woede uittrek om baie mense te verwoes en met die ban te tref.

⁴⁵ "En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see en die pragtige afgesonderde berg, maar hy sal aan sy einde kom, en niemand om hom te help nie.

12 "En in daardie tyd sal Miga'ēl, die groot hoof wat oor die kinders van jou volk staan, opstaan. En dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie was vandat 'n volk bestaan het tot op daardie tyd nie. En in daardie tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek geskryf is.

² "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot skande en ewige veragting.

³ "En die met insig sal skyn soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altyd.

⁴ "Maar jy, Dani'ēl, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde.^g Baie sal dit ywerig ondersoek, en die kennis sal vermeerder."

⁵ En ek, Dani'ēl, het gesien, en kyk daar het twee ander gestaan, die een op hierdie oewer van die rivier en die ander op daardie oewer van die rivier.

⁶ En een het aan die man, met linne geklee, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: "Hoe lank tot die einde van die wonders?"

⁷ En ek het die man, met linne geklee, wat bo-oor die water van die rivier was, gehoor en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgelig en gesweer by Hom wat ewig leef dat dit 'n tyd, tye en 'n halwe tyd sal wees. En wanneer hulle die mag van die afgesonderde volk klaar verstrooi het, sal al hierdie dinge afgehandel word.

⁸ En ek het dit gehoor, maar nie verstaan nie. En ek het gesê: "My meester, wat is die uiteinde van hierdie?"

⁹ En hy het gesê: "Gaan, Dani'ēl, want die woorde bly versteek en verseël tot die tyd van die einde.^h"

¹⁰ "Baie sal gereinig en wit gemaak en gelouter word. maar die bose sal boosheid doen, en geeneen van die bose mense sal verstaan nie, maar die met insig sal verstaan.

¹¹ "En van die tyd af dat die daaglikse offer afgeskaf en die gruwel van die verwoesting opgerig word, is duisend twee honderd en negentig dae.

¹² "Geseënd is hy wat wag en by duisend drie honderd vyf en dertig dae kom.

¹³ "Maar jy, gaan na die einde. En jy sal rus en opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae."

^g Sien vers 9

^h Sien vers 4